higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4

(8011004)

27 Februarie 2018 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

NOTA: Enige werk wat jy nie wil hê nagesien moet word nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die vrae volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Los ’n spasie en trek ’n streep oor die bladsy nadat jy ELKE vraag voltooi het.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.4.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

verantwoordelik; waarneem; gesins-; gemeenskapspolisiëringsforum (GPF); regering; kinders; oplossings; menseregte; grondwet; polisie; verantwoordbaar; Nasionale Sekuriteit; slagoffer; oogmerke; gerugte; identifiseer

1.1 Soos vereis word deur die (1.1.1) …, is die (1.1.2) ... Wet uitgevaardig om die polisiedienste in Suid-Afrika te reguleer. (2)

1.2 Die FCS eenheid van die SAPD polisieer die volgende misdade: (1.2.1) ... geweld en om (1.2.2) … te beskerm. (2)

1.3 As aangestelde beamptes, word daar van lede van die SAPD verwag om (1.3.1) ... te wees vir hulle optrede en (1.3.2) ... teenoor die publiek en nie hulle (1.3.3) ... te skend nie. (3)

1.4 Die (1.4.1) ... is 'n forum of plek waar mense saamkom om misdade en misdaadverwante probleme in daardie stasiegebied te (1.4.2) … en te bespreek en om gesamentlik (1.4.3) ... vir daardie probleme te vind. (3)
[10]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

2.1 Die Openbare Beskermer kan wanadministrasie ondersoek.

2.2 'n Voorbeeld van 'n nie-klag aktiwiteit is die rapportering van 'n misdaad.

2.3 Speurders werk alle ure van die dag.

2.4 *Police File* samel waardevolle inligting van die publiek in en betrek hulle om misdade op te los.

2.5 'n GPF bestaan uit die stasiebevelvoerder en slegs sekere ander polisiebeampte.

2.6 Verhoorafwagtendes het 'n unieke status, en word beskerm deur 'n stel regte en vereistes wat verskil van dié van veroordeelde oortreders.

2.7 Die SANDF bestaan slegs uit die Suid-Afrikaanse Leër.

Kopiereg voorbehou

2.8 IPID kan klagtes teen hofbeamptes ondersoek.

2.9 Die Openbare Beskermer kan aanbevelings maak en remediërende aksie neem.

2.10 Wanneer 'n misdaad gerapporteer word, moet 'n gedetailleerde verklaring van die klaer verkry word.

[10]

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item/woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Kan die regering op enige vlak ondersoek	A	om in die tronk te wees
3.2	Nepotisme	B	moord-ondersoek
3.3	Jurisdiksie	C	militêre inligting oor vyande
3.4	Onbehoorlikheid	D	onafhanklike klagtedirektoraat
3.5	Nie-klag aktiwiteit	E	om onbetaamlik te wees
3.6	Klag-aktiwiteit	F	voortrekkery van familielede
3.7	Intelligensie	G	handhawing van openbare orde
3.8	Opsluiting	H	aanhouding
3.9	Vennote in regering	I	Openbare Beskermer
3.10	Ampskenteken of -embleem	J	mag en gesag
		K	regering, besigheid en burgerlike samelewing
		L	onderskeidingstekens

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

Beantwoord die volgende kortvrae.

4.1 Verduidelik die werk van die Openbare Beskermer. (6)

4.2 Noem VIER staatsinstellings wat ons grondwetlike demokrasie versterk. (4)
[10]

VRAAG 5

Beantwoord die volgende kortvrae oor menseregte in Suid-Afrika.

5.1 Wat moet by getuienisverslae ingesluit word? (4)

5.2 Wat doen die SAHRC? (3)

5.3 Wat bevat die gevolgtrekking van 'n verslag? (3)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende artikel aandag deur en beantwoord die vrae.

BATHO PELE-BEGINSELS IN DIE KOLLIG

Die regering het sy verbintenis om 'n doeltreffende openbare diens te implementeer, herbeklemtoon

Dit is gedemonstreer toe dienste aan boerderygemeenskappe tydens die Batho Pele-feesvieringe wat by Schuitdrift-plaas, 49km buite Musina gelewer is. Gelei deur burgemeester Carol Phiri, het die regering en munisipale beamptes dienste aan die plaaslike gemeenskappe verskaf wat gewoonlik na die dorp moet gaan om toegang tot daardie dienste te kry. Phiri het gesê dit is belangrik om die menswaardigheid van alle Suid-Afrikaners ná 20 jaar van demokrasie te herstel. 'Almal is geregtig tot toegang tot regeringsdienste, ongeag hulle geografiese ligging. Gemeenskapslede moet rapporteer as regerings- en munisipale beamptes hulle nie menswaardig behandel nie. Dit is waarom ons werknemers aanmoedig om identifikasiekaarte te hê sodat gemeenskapslede hulle kan identifiseer. Ons welvaart is ons mense en dit is waarom ons seker maak hulle geniet almal die vrugte van ons vryheid. As 'n verantwoordelike regering word ons verplig om die Batho Pele-beginsels na te kom wanneer ons ons mense dien. Ons sal seker maak dat staatsamptenare die geskikte vaardighede het om dienste vinnig en volgens die Batho Pele-beginsels aan burgers te lewer. Phiri het gesê die Batho Pele-beginsels is ontwikkel om as aanvaarbare beleid en wetgewende raamwerk ten opsigte van dienslewering in die openbare diens te dien. 'Hierdie beginsels word belyn met die grondwetlike ideale van bevordering en handhawing van hoë standaarde van professionele etiek wat diens onpartydig, billik, gelykwaardig en sonder vooroordeel te lewer wat hulpbronne doeltreffend benut en op mense se behoeftes reageer. Ons moedig ons burgers aan om deel te neem aan die beleids- en besluitnemingsprosesse van hulle demokratiese regering. Ons norm is om ’n verantwoordbare, deursigtige en ontwikkelingsgeoriënteerde openbare administrasie te lewer. Sy het gesê alle regeringsbeamptes en raadslede moet altyd die Batho Pele-beginsels nakom.

'Benewens die Batho Pele-beginsels, gaan ons met veldtogte begin wat insluit om ’n etos van openbare diens te vestig wat gemik is op die daarstelling van ’n nuwe kultuur van reaksie, toegewydheid en patriotiese verbintenis by staatsamptenare as deel van ’n strategie om ’n staatsdienskader te bou,' het sy bygevoeg. Regeringsafdelings en belanghebbendes wat daar is om dienste te lewer, sluit in die Musina Munisipaliteit, die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK), Suid-Afrikaanse Sosiale Sekuriteitsagentskap (SASSA), Gesondheid en Sosiale Ontwikkeling, Binnelandse Sake, Brandweer- en reddingsdienste, Openbare Werke en die Tesourie.

Bron: Limpopo Mirror– 1 Nov 2013 Aanlyn by: http://www.limpopmirror.gov.za

6.1 Waarvoor staan Batho Pele? (1)

6.2 Wat beheer die Batho Pele-beginsels in die SAPD? (1)

6.3 Kan die Batho Pele-beginsels buite die SAPD gebruik word? Staaf jou antwoord. (2)

6.4 Noem die Batho Pele-beginsels. (8)

6.5 Wie kan verbrekings van die Batho Pele-beginsels ondersoek? Staaf jou antwoord. (3)
[15]

VRAAG 7

Lees die volgende gevallestudie aandagtig deur en beantwoord die vrae.

7.1 In 'n verslag wat onlangs gepubliseer is, het die beweerde invloed van 'n sekere familie op die President van die Republiek van Suid-Afrika opslae gemaak. Die ondersoek is uitgevoer deur 'n staatsinstelling wat in Hoofstuk 9 van die Grondwet, 1996 genoem word. Die verslag word die 'staatskapingsverslag' genoem.

7.1.1 Watter Hoofstuk 9-instelling het hierdie saak ondersoek? (1)

7.1.2 Watter liggame/mense val onder die jurisdiksie van die liggaam wat in VRAAG 7.1 genoem word en daardeur ondersoek kan word? (4)

7.2 Beampte Malebo het 'n man vir dronkbestuur gearresteer. Hy het 'n verslag voltooi wat die volgende bevat het:

'Die man was onder die invloed van alkohol in Rubensteinstraat terwyl hy bestuur het.'

7.2.1 Watter tipe verslag is 'n arrestasieverslag? (1)

7.2.2 Bespreek EEN kenmerk van 'n goeie verslag waaraan hierdie beampte nie voldoen het nie. (3)

7.3 'n Polisiebeampte wat in siviele kleredrag geklee is, het 'n koffiewinkel besoek toe 'n man sy vroulike metgesel aangerand het. Die polisiebeampte was onseker of hy geregtig was om in te gryp.

7.3.1 Moet die beampte in hierdie geval help? (1)

7.3.2 Bespreek deur antwoord wat jy in VRAAG 7.3.1 gegee het deur die polisiegedragskode te gebruik. (3)

7.3.3 As die beampte nie ingegryp het nie, aan wie kan die publiek 'n klagte rig en waarom? (2)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 8

Arrestasie is 'n regmatige manier om mense van hulle vryheid te ontneem. Polisiebeampte moet seker maak hulle tree ooreenkomstig die prosedures op wat beskryf word vir regmatige arrestasie, anders kan hulle 'n aksie van wederregtelike arrestasie in die gesig staar.

Gebruik jou eie gevallestudie en bespreek die vereistes vir regmatige arrestasie in besonderhede, asook die prosedure wat gevolg moet word nadat die arrestasie gemaak is.

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou